Sing vooraf staande: Skrifberyming 1-1:1 (24:1)

1 Geseënd sy bo alle dinge / die eewge God en Vader! Hy
het in die hemel seëninge / vir ons in Christus toeberei.
Na die besluit, uit Hom gebore / en ewig in sy wese vas,
het Hy in Christus ons verkore / voordat daar tyd of wêreld was.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 73:1, 10 (p. 366)

1 Voorwaar, God is vir Isr'el goed, / vir wie opreg is van gemoed.
Gods weg kan nooit so donker wees nie, / dat Hy nie sorg vir wie Hom vrees nie.
Maar ag, hoewel my siel dit weet, / tog het my voet haas in my leed
gewankel, en dit was vir my / so donker dat my voet wou gly.

10 Nogtans sal 'k altyd by U bly; / niks sal my van u liefde skei –
U wat my regterhand gevat het, / vir wie 'k van harte liefgehad het.
U sal my voortlei deur u raad, / O God, my Hulp, my Toeverlaat,
en na die dag van aardse stryd, / my opneem in u heerlikheid.

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 33:6 (p. 159)

6 Die HEER se raad word nooit gekeer nie; / dit sal bestaan in ewigheid.
Teen sy besluit is geen verweer nie; / bestendig duur dit vir altyd.
Salig wie tevore / deur Hom is verkore / as sy erf en lot;
wie so hoog geëer is, / dat dié HEER húl HEER is / en dié God húl God.

Skriflesing: Jesaja 64:1-12

Teks: Jesaja 64:8; Kategismus Sondag 10

Maar nou, HERE, U is ons Vader; ons is die klei, en U is ons Formeerder, en ons almal is die werk van u hand. (Jesaja 64:8 AFR1953)

Jesaja is besig om sy volk te leer bid.

- In die vorige hoofstuk het Jesaja die oordeel van God die Vader oor sy volk sien kom.
- Hy het besef dat die saak baie donker is vir sy volk.

Hy skryf in hoofstuk 63:10 dat die volk met hulle wederstrewigheid die Heilige Gees bedroef het, en daarom het God verander in 'n Vyand van die volk. Hy sê dat die Here self teen die volk gaan stry.

Met hierdie woorde het die volk hulle eie oordeel aangekondig gehoor, want niemand kan tog met God baklei en dit oorleef nie!

- Hoe kan hulle gered word uit hierdie penarie?
- Die antwoord is dat net Een Persoon hulle kan red, en dit is God self!
- Daarom lees ons in Jesaja 64:1 dat Jesaja pleit dat die Here uit die hemele moet neerdaal en die berge skeur.

Kom ons kyk na drie sake wat belangrik is om hierdie Bybelgedeelte te verstaan:

1. **God het vir ons 'n verlossingsraad.**
2. **Wat is die raad van God?**
3. **Wat leer die Nuwe Testament?**

1. God het vir ons 'n verlossingsraad.

Jesaja gaan juis na God toe omdat hy besef dat dit die enigste plek is waar daar verlossing moontlik is.

- Daar staan in vers 5 dat die Here die een tegemoetkom wat met vreugde geregtigheid beoefen, wat met vreugde dink aan die Here se weë.
- Die vers eindig met die hoop dat hulle tog van hulle sondes verlos sal word.

Smeking gaan altyd saam met skuldbelydenis.

- Dit is wat hier ook gebeur. In vers 6 word daar belydenis gedoen van al die volk se sondes.
- Jesaja bely dat hulle geen grond het waarop hulle kan aanspraak maak op verlossing nie.

  En ons het almal geword soos 'n onreine, en al ons geregtighede soos 'n besoedelde kleed; en ons het almal verdor soos blare, en ons ongeregtighede het ons weggevoer soos die wind. (Jesaja 64:6 AFR1953)
- Hy besef ook dat dit die rede is waarom die Here sy aangesig vir hulle verberg het.

Ons is in dieselfde toestand van sondebesmetting!

- Baie van ons besef dit baie goed en dit laat mens baie diep besin.
- Daarom laat weet die Here die boodskap: Daar is hoop!

Die profeet beroep hom op die innige betrekking wat daar is tussen die Here en die volk (Jesaja 63:13):

> **Want U is ons Vader! Want Abraham weet van ons nie, en Israel ken ons nie. U, o HERE, is ons Vader; ons Verlosser is van ouds af u Naam.** (Jesaja 63:16AFR1953)

Daarom sê hy dat ons die klei is in die Here se hande.

- Die Here formeer (skep) elkeen na sy wil (vs. 8)
- Die hoop is dus daarop gegrond dat die Here ons Vader is wat iets goeds van ons kan maak.

Die apostel Paulus werk met hierdie selfde gedagte in Romeine 9.

- Paulus skryf dat God uit die klei kan maak net wat Hy wil – die een voorwerp tot eer en die ander een tot oneer.

Ons bely dus op sterkte van onder andere hierdie twee gedeeltes in die Bybel dat ons bestemming in die hand van God lê.

- Ons oorsprong is daarin dat die Here ons geskape het:

  Maar nou, so sê die HERE, jou Skepper, o Jakob, en jou Formeerder, o Israel: Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos; Ek het jou by jou naam geroep; jy is myne! (Jesaja 43:1 AFR1953).

- en dat Hy ons voortbestaan waarborg en Hy ons onderhou.

Die Here se regering bewaar ons.

... want die HERE het die reg lief en sal sy gunsgenote nie verlaat nie; vir ewig word hulle bewaar, maar die nageslag van die goddelose word uitgeroei. (Psalm 37:28 AFR1953)

Kyk, Ek stuur 'n Engel voor jou uit om jou op die pad te bewaar en om jou na die plek te bring wat Ek gereedgemaak het. (Eksodus 23:20 AR1953)

Die Here se raad belowe aan ons 'n lewe na hierdie een. Ons geloof daaraan is gegrond op die trou van God.

- Sommige plekke in die Bybel leer die Here dat ons uit die dood sal opstaan nadat ons gesterf het – sommige tot die ewige lewe en sommige om vir ewig afgryslik in die hel te wees! (Daniël 12:2; Matteus 25:46; Johannes 3:16).

  En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik. (Daniël 12:2 AFR1953)

  En hulle sal weggaan in die ewige straf, maar die regverdiges in die ewige lewe. (Matteus 25:46 AFR1953)

  Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. (Johannes 3:16 AFR1953)

- Die Here openbaar ook dat mense wat tot bekering kom, juis daarmee in die beskikking van God ingesluit word dat hulle tot in ewigheid sal lewe:

  En toe die heidene dit hoor, was hulle bly; en hulle het die woord van die Here geprys; en daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe. (Handelinge 13:48 AFR1953)

2. Wat is die raad van God?

Ons praat baie van die raad van God. Daarom sal ons moet sê wat ons verstaan onder die raad van God.

- Die raad van God is dit dat Hy alles onderhou en regeer. Dink hier aan die volgende uitspraak wat oor alle volke en nasies op die aarde gaan:

  God regeer oor die nasies; God sit op sy heilige troon. (Psalm 47:8; Psalm 59:13 AFR1953)

- Hy is die Beplanner van alles wat gebeur het, wat nou besig is om te gebeur, en wat tot in die verste toekoms sal gebeur (Hebreërs 1:8; Psalm 136:1-9).
- God se raad is vry – niemand skryf vir Hom voor wat Hy moet doen en wat nie (Job 1:22).
- God se besluite is ook vir ewig vas. Niemand kan God dwing om sy besluite te verander nie (Genesis 17:1; Job 8:3; Openbaring 1:8).

Natuurlik kan ons nie alles in die raad van God begryp nie, want ons is in ons tyd en in die beperktheid van die skepping vasgevang. As jy die raad van God wil verstaan, sal jy volmaak moet wees, en ook God se insig moet hê.

Die Here openbaar egter hierdie raad van Hom aan ons. Hy maak alles wat vir ons saligheid nodig is, aan ons bekend.

- So openbaar Hy aan ons dat Hy besluit het dat Jesus tot verlossing van die gelowiges na die aarde toe sal kom.
- Hy het bepaal dat ons verlossing onvervreembaar vasstaan in die verdienste van Jesus Christus.
- Hy het verder bepaal dat hierdie verlossing behels dat Hy deur Jesus Christus ons God en Vader is.

3. Wat leer die Nuwe Testament?

Hoe kom ek en God se verlossingsraad by mekaar uit?

- Daar staan in Efesiërs 1:11 dat God ons onder een Hoof, naamlik Christus, verenig het.
- Daar staan ook dat ons in Christus ’n erfdeel ontvang het nadat ons vantevore daartoe verordineer is ooreenkomstig die voorneme van Hom wat alles werk volgens die raad van sy wil.

Hierdie gedeelte stel dit baie duidelik dat God se verlossingsplan met ons van baie lankal af vasstaan. Onbuigbaar, en onveranderbaar.

- Die raad van God is elke oomblik van ons bestaan oor ons van krag, want die Here Jesus leer byvoorbeeld in Matteus 10:30 dat tot die hare van ons hoof almal getel is.
- Daarmee bedoel Hy dat elke ding wat met ons gebeur, volgens sy voorneme is.

Die uiteindelike doel van God se raad is die versorging van die uitverkorenes.

- Die raad van God loop daarop uit dat die Here aan die einde van die tyd die duiwel en alles wat sleg is in die hel werp, en die gelowiges in die hemel versamel.
- Maar dit wil nie sê dat die Here net oor die mense regeer nie. Hy regeer oor letterlik alles – ook die plante, diere en die aarde self.

U sal dus verstaan dat ons tydens hierdie lewe ’n groot verantwoordelikheid het.

- Ons is deur God geskape met deugde en met krag en vermoëns.
- Ons is mense met moed, met geesdrif en kuns en nog baie ander dinge.
- Al hierdie dinge moet ons ons lewe deur aanwend tot sy verheerliking.

Ons leef in ’n tyd wat daar baie dinge gebeur wat God uit sy plek probeer stoot.

- Daar is byvoorbeeld wetenskaplikes wat leer dat God niks geskape het nie, want elke ding sou dan uit homself ontwikkel het.
- Daar is ideologieë wat leer dat die verlossing in die Here Jesus Christus geen saligheid bewerk nie, maar dat sekere sosiale en maatskaplike sisteme die uitkoms en die saligheid van mense in hierdie lewe bewerk.
- Daar is talle mense wat doodgewoon weier om te glo dat God hoegenaamd bestaan.

In so ’n wêreld stuur die Here ons met al ons gawes in:

- om te verkondig dat God leef en
- dat Hy oor alles beskik.

Ons moet dit met blydskap uitdra, want dit is waar.

- Die Here leer ons in sy Woord dat Hy ons onderhou
- en met die wederkoms herskep.
- Hy bewaar ons in die Here Jesus Christus se verdienste – deur sy Woord en Gees.

Die Here regeer ook oor alle kwaad wat oor ons kom.

- Geen kwaad kan jou bekruip sonder dat die Here dit wil en toelaat nie.
- Die Here sal die duiwel toelaat – soos in die geval van Job – om jou te versoek, maar die Here sal hom nie toelaat om bo jou kragte uit te gaan nie.

Calvyn het iewers geskryf dat die satan as’t ware soos ’n bediende elke dag by God moet gaan toestemming vra om mense te kan beproef en verlei.

- Daarom sal die Here die duiwel alleen toelaat om jou te beproef wanneer jou geloof daardeur versterk word, en die Here daarin verheerlik word.

’n Gelowige kan altyd die krag van God sien wanneer hy ’n beproewing oorleef.

- Die genade van die Here staan altyd baie sterk afgeteken teen die verwoestende werk van die Satan.
- Die genade van die Here laat ons geloof in ’n krisis eerder groei as kwyn.

Dit is ook waarom Hy sy Seun laat sterf het.

- Dit was sodat ons in ons geloof kan volhard deur sy verdienste.
- Dit was sodat sy kruisdood ons kan wys op die einddoel van God se raad – die hiernamaals.

Die Here bevestig dat Hy by ons is tot aan die einde van die tyd.

- Die hele evangelie van Jesus Christus bevestig dat Hy ons sondes met God versoen het.
- En Hy bevestig dat die hiernamaals aan die kom is.

Laat ons dan van ons kant af getrouheid bewys in aanbidding en geloof.

- Weet dat ons voorwerpe is wat uit die klei gevorm is om heerlikheid uit te straal.
- Laat ons getrouheid aan die Here dit weerspieël.

Kom ons lees Kategismus Sondag 10 saam.

> ***Vraag 27: Wat verstaan jy onder die voorsienigheid van God?***
>
> ***Antwoord:*** *Die almagtige en oralteenwoordige krag van God (a) waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsels asof met sy hand nog onderhou en so regeer (b) dat lower en gras, reën en droogte (c), vrugbare en onvrugbare jare, voedsel en drank, gesondheid en siekte (d), rykdom en armoede (e) en alles, ons nie per toeval nie, maar uit sy Vaderhand toekom (f).*
> *(a) Hand 17:25-28; Jer 23:23, 24; Jes 29:15, 16; Eseg 8:12. (b) Heb 1:3. (c) Jer 5:24; Hand 14:17.*
> *(d) Joh 9:3. (e) Spr 22:2. (f) Matt 10:29; Spr 16:33.*

Vraag 28: Wat baat dit ons dat ons weet dat God alles geskep het en dit nog deur sy voorsienigheid onderhou?

Antwoord: *Dat ons in alle teëspoed geduldig (a) en in voorspoed dankbaar (b) kan wees. Verder dat ons ook vir die toekoms 'n vaste vertroue in ons getroue God en Vader (c) kan stel dat geen skepsel ons van sy liefde sal skei nie (d), aangesien alle skepsels so in sy hand is dat hulle sonder sy wil nie kan roer of beweeg nie (e).*
(a) Rom 5:3; Jak 1:3; Ps 39:10; Job 1:21, 22. (b) 1 Tess 5:18; Deut 8:10. (c) Ps 55:23; Rom 5:4.
(d) Rom 8:38, 39. (e) Job 1:12; 2:6; Spr 21:1; Hand 17:2.Amen.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 146:1, 3, 8 (p. 700)

1 Prys die HEER met blye galme, / o my siel, daar 's ryke stof!
'k Sal, solank ek leef, my psalme / vrolik toewy aan sy lof
en Hom, wat sy guns my bied, / altyd groot maak in my lied.

3 Salig hy wat in die lewe, / sonder hulp en sonder raad,
as hom alles wil begewe, / vlug tot God, sy toeverlaat;
en ook in die swartste nag / op die HERE alleen bly wag.

8 Dis die God der leërmagte, / troue Bondsgod van weleer,
God van wordende geslagte, / tot in ewigheid die HEER.
Sion, sing die God ter eer, / prys sy grootheid, loof die HEER!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 17 April 2011